# Korrekte aanpassing van teelramme op hoë kragvoer rantsoene

Deur: Ewie Coetzee (Pr.Sci.Nat), Feedtek

Die moontlike nadelige effekte van hoë kragvoer rantsoene op die gesondheid en werksvermoë van teelramme is al meermale breedvoerig bespreek. In hierdie artikel word metodes bespreek om teelramme effektief met kragvoer gebaseerde rantsoene uit te groei, sonder om die dier se gesondheid te benadeel. Die sleutel probleem is rumen pH wat te laag daal vanweë 'n oormaat suur wat deur die onaangepasde rumen mikrobe populasie geproduseer word. Dit kan effektief voorkom word deur te sorg dat die dier se rumen geleidelik op kragvoer aangepas word. Die drie mees algemene metodes word behandel.

**Ramme ontvang 'n volledige vermengde losvoer**

Hierdie benadering is die veiligste, aangesien die ruvoer vooraf deurgemeng word met die kragvoer. Die boer is dus in beheer van die verhouding van kragvoer tot ruvoer, op voorwaarde dat die ramme nie die kragvoer kan uitsoek nie. Die diere kan aangepas word deur vir die eerste 14 dae 'n aanpassingsvoer met hoë vlakke van ruvoer te voer, waarna die ruvoervlak aangepas word na vereiste vlakke. Afhangende van die kwaliteit van die ruvoer, word die volgende minimum ruvoer insluitingsvlakke in volledige ramvoere aanbeveel:

| Tipe ruvoer | Aanpassingsvoer | Finale voer |
|---|---|---|
| Strooi | 45% | 35% |
| Mieliereste | 50% | 40% |
| Grashooi | 55% | 45% |
| Lusernhooi | 60% | 50% |

Nieteenstaande die hoër vlakke van ruvoer in die aanvangsvoer, behoort ramme steeds geleidelik oor 'n periode van 7 dae op hierdie voer aangepas te word.

**Ramme ontvang 'n volledige vermengde verpilde voer**

Hierdie is 'n baie gewilde metode van ramvoeding, maar dit kan maklik lei tot probleme omrede die ruvoer baie fyn gemaal word vir verpilling, ruvoer insluitingsvlakke beperk word deur vereistes vir goeie kwaliteit pille en verpilde voere ook vinniger kan fermenteer as los voere (omrede die stysel aan hitte blootgestel word tydens die verpillingsproses). Die insluiting van 'n doeltreffende langwerkende buffer soos Acid Buf word aanbeveel. Daar word aanbeveel dat ramme dit beperk ontvang teen die volgende peile saam met voldoende goeie kwaliteit ruvoer afsonderlik beskikbaar:

| Vereiste groeitempo | Aanbevole vlak van volledige rampille |
|---|---|
| Stadig | 1.0 tot 2.0% van lewende massa per dag |
| Gemiddeld | 2.5% van lewende massa per dag |
| Vinnig | 3.0 % van lewende massa per dag |

**Ramme ontvang kragvoer en ruvoer afsonderlik**
(kafeteria stelsel)

Alhoewel hierdie 'n baie gewilde metode is van ramvoeding, is dit ook die stelsel wat die grootste risiko inhou vir verteringsprobleme. Ramme behoort geleidelik op die kragvoer aangepas te word en dit is baie belangrik dat 'n langwerkende buffer soos Acid Buf in die kragvoer ingesluit word. Aanbevole aanpassingsprogram vir enige skape wat op 'n kafeteria stelsel gevoer gaan word, is om op dag een 100 gram kragvoer in die oggend en middag te voer en dit dan daagliks met 100 gram per voeding (2 voedings per dag) te verhoog tot die aanbevole vlakke bereik word. Aanbevole peile vir teelramme is as volg saam met voldoende ruvoer:

| Vereiste groeitempo | Aanbevole vlak van kragvoer |
|---|---|
| Stadig | 1.0% van lewende massa per dag |
| Gemiddeld | 1.5% van lewende massa per dag |
| Vinnig | 2.0% van lewende massa per dag |

Deur ramme korrek aan te pas verseker die ram produsent dat ramme 'n funksioneel doeltreffende rumen handhaaf wat hulle instaat stel om onder ekstensiewe omstandighede suksesvol te kan aanpas en werk. Dit verseker gelukkige kliënte wat terugkeer in die toekoms.

Gesels gerus moet jou naaste Feedtek verteenwoordiger vir hulp moet korreke voedingsprogramme vir teelramme.

Besonderhede beskikbaar by www.feedtek.co.za of kontak ons by info@feedtek.co.za of 086 111 5362.